**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA

(NOORD GAUTENG HOË HOF. PRETORIA)

SAAKNR: 55873A/08

DATUM: 2009-04-09

NOT REPORTABLE

NOT OF INTEREST TO OTHER JUDGES

In die saak tussen

R I[...] Applikant

en

D I[...] Respondent

U ITS P R A A K

VAN PER MERWE. R: Hierdie is 'n Reel 43 aansoek wat reeds op 'n vorige geleentheid aangehoor is en uitgestel is met verlof van die partye om verdere verklarings te liasseer.

Dit het ongelukkig aanleiding gegee dat hierdie aansoek reeds aangegroei het tot 112 bladsye wat ongehoord is vir Reel 43 aansoeke. As dit nie was dat 'n hof die partye gemagtig het om verdere verklarings te liasseer nie het ek geweier om hierdie aansoek aan te hoor en sou ek hom van die hand gewys het. Dit is egter 'n hof wat die verlof gegee het en alhoewel ek hoe teensinnig daarteen mag wees moes ek die aangeleentheid lees en moet ek daaroor besluit.

Die posisie is egter dat die helfte van my rol vandag opgemaak is deur sake wat deur ander howe uitgestel is en wat meebring dat die omvang van die rol dubbel is as wat die griffier normaalweg per hof toeken. Dit bring mee dat tyd ontbreek om volledige redes te verskaf vir aangeleenthede soos hierdie. Dit is in 'n mate voordelig omdat ek in hierdie besondere feitestel so min moontlik oor die gedrag van die partye wil sê as wat vir my toelaatbaar is aangesien die aangeleentheid waarskynlik nog op verhoor sal gaan.

Die huidige posisie is dat die twee seuns wat gebore is uit die huwelik tussen die partye in 'n.roetine is en dit is dat hulle een helfte van die maand by die applikante woon en een helfte van die maand by die respondent. Dit moet onthou word dat dit twee seuns is wat gebore is onderskeidelik op 2[...] en 1[...]. Hulle is nie meer babas nie.

Die gesinsadvokaat het 'n verslag uitgebring wat ek op hierdie stadium nie kan ondersteun nie. Redes daarvoor gaan ek ook nie nou gee nie. Behoudens dat die verslag wemel van wanbegrippe oor wie die onderskeie partye is word daar aanbeveel dat die kinders nou uit hulle milieu geneem moet word en in 'n milieu geplaas word wat vir my onaanvaarbaar is. Inteendeel die partye het ten spyte van die aanbeveling van die gesinsadvokaat voortgegaan met die situasie wat bestaan het en dit gaan ek in stand hou.

Laat ek eerstens handel met die onderhoud wat gevra word vir die applikante. Dit is so dat die bewering gemaak word dat sy vir etlike jare reeds 'n verhouding het met haar huidige vriend en dit is gemeensaak dat sy tot baie onlangs by horn ingewoon het. Dit is gemeensaak dat hulle albei verbonde is aan die lugdiens en word die bewering gemaak dat hulle toesien dat hulle programme sodanig is dat hulle saam oorsee kan vertrek om ook daar bymekaarte wees.

Wat egter vasstaan is dat daar voldoende gronde is om te weier om aan die applikante enige tussentydse onderhoud te gee en ek gaan ook aan haar geen tussentydse onderhoud toestaan nie.

Insgelyks gaan ek ook nie aan haar 'n bydrae tot die koste van die hangende egskeidingsgeding toestaan op hierdie stadium nie. Die feite mag verander en dan kan weer daarna gekyk word. Dit gaan vir my oor die kinders.

Dit is so dat die respondent volgens die stukke die skoolfonds vir die kinders betaal, die mediesefonds, buitemuurse aktiwiteite en ander bydraes maak. Hierdie bevel wat ek nou gaan maak is gebaseer daarop dat hy voortgaan om die betalings te maak wat hy tot datum gemaak het. Ek is egter van mening dat daar sekere dag tot dag uitgawes is wat die kinders ook benodig wanneer hulle by 'n ander ouer bly. Ek het met die nagaan van die stukke die indruk gekry, en dit is steeds my indruk, dat 'n betaling van R750 per maand per kind bo en behalwe dit wat hy huidiglik betaal sal voorsien in die kontantbehoeftes van die kinders.

Die gesinsadvokaat moet weer na hierdie aangeleentheid kyk. Ek stem ook saam met beide advokate dat weens die omvang wat die stukke reeds bereik het dit onsinnig sal wees om hulle in 'n posisie te plaas dat hulle in terme van Reel 43(6) veranderde omstandighede moet kom aantoon. Dit sou wenslik wees om, nadat die verslag uitgekom het, *de novo* met 'n aansoek te kom wat op pertinente relevante feite gebaseer kan word. Ek is verder ook van mening dat die bepalings van Reel 43(7) en 43(8), soos die advokate versoek het, nie toepaslik is nie.

Ek maak op hierdie stadium dus geen verdere bevel oor die primêre plek van verblyf van" die kinders nie of oor die kontak met hulle nie. Die huidige toedrag van sake sal bly voortbestaan soos bekend aan die partye.

Die respondent word gelas om onderhoud vir die twee minderjarige kinders te betaal in die

bedrag van R750 per maand per kind, welke betaling moet plaasvind voor of op 7 Mei hierdie jaar en daarna voor of op die 7de van elke maand daarna.

Ek gelas dat die bepalings van Reel 43(7) en 43(8) nie van toepassing is nie.

Koste van hierdie aansoek sal koste in die geding wees.